education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

## SEPTEMBER 2015

## PUNTE: 70

## TYD: 2 UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taal in konteks | (30) |

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 50 minute
   AFDELING B: ongeveer 30 minute
   AFDELING C: ongeveer 40 minute

3. Lees alle instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg:

**TEKS 1: ARTIKEL**

# Nóú toet ons lekker

## Nuwe Afrikaanse toepassing vir selfoongebruikers binnekort bekendgestel

1 *Toeter* is 'n nuwe sosialemedia-platform waar "liefhebbers van die Afrikaanse taal [kan] gesels, skerts, spog of vuur spoeg. *Toeter* maak die tonge los en laat die poppe dans. Dis jou stuiwer in die armbeurs en jou oomblik in die son," sê Frans Roelofse, stigter van *toeter*. Boonop als in Afrikaans.

2 Hy sê hulle het baie hard gewerk om 'n platform te skep wat nie net by sy Engelse eweknieë kan kers vashou nie, maar selfs stof in hul oë kan skop in terme van gebruikersvriendelikheid en slim funksionaliteit. Die voordeel van *toeter* is dat dit eksklusief Afrikaans is, sê hy.

3 'n Verskeidenheid nuwe instellings op die Afrikaanse sosialemedia-netwerk *toeter*, is onlangs bekendgestel en bied 'n magdom handige funksies vir die gebruikers.

4 "*Toeter* het nou vier magnete wat ons gebruik om inligting na die gebruiker te stroom," het Frans Roelofse gesê. Magnete op *toeter* kan met hutssleutels op ander sosialemedia-netwerke vergelyk word.

5 Die nuwe magnete wat *toeter* ingestel het, is #bliksem (vir nuus), #smous (handelswinkel), #kykNET en #*toeter* en daar is glo nog heelwat meer in die pyplyn. Dié magnete sal eie aan Afrikaans wees en aan die gebruikers toepassings en funksies in hulle taal bied sodat ons lekker kan gesels, foto's kan deel en nuwe woorde kan skep.

6 Die gebruikers van *toeter* kan dus óf die hutssleutels gebruik om inligting oor die betrokke magneet te bekom óf deur bloot op die magneet se knoppie op *toeter* se tuisblad te druk.

7 Roelofse het gesê hulle het ook 'n afdeling vir "Groot Toeters", of "GT's" bekendgestel. Die grootste geraasmakers op *toeter* kry dié ereplek of as jy 'n bekende kunstenaar of mediapersoonlikheid is, verwerf jy 'n blinksterstatus. Die gebruikers kan die GT's volg en saam gesels. Die lys van name onder *toeter* se GT's sluit bekendes soos Emo Adams, Navi Redd, Kurt Darren en Karen Zoid in. Daar is ook diegene wat baie te sê het, maar verkies om onder

'n skuilnaam te toet, soos Kaapstadkind en Toeterbek. Ondernemings maak ook reeds met groot sukses van dié netwerk gebruik en tans tel Maroela Media, kykNET, DHL Stormers, Ontbytsake en die Afrikaanse versekeraar, Virseker, ook onder die GT's.

8 Die groot nuus is dat die *toeter*-toepassing vir slimfone binnekort bekendgestel word. "Dan kan jy sosiaal verkeer, privaat boodskappe stuur of na *toeter-tv* kyk, wat 'n mobiele televisie is wat vir die eerste keer op *toeter* beskikbaar sal wees. Die toepassings is só ontwerp dat jy tussen dié drie kan rondreis sonder om jou plek te verloor! Dit sal 'n eerste in Suid-Afrika wees, en dit word 'n "super toep" genoem.

9 "Ons wil die hele Suid-Afrika aanspreek en daarna deur Afrika trek. In dié proses sal ons aanhou om ons gebruikers te verbaas en te verstom," het Roelofse gesê.

10 Volgens Roelofse is *Facebook* en *Twitter* kletsnetwerke waar die sosialemedia-gebruikers dikwels leë kommunikasie het, aangevoer deur e-poskennisgewings aan die gebruiker – 'n groot probleem vir groot netwerke. "Die soektog na suksesvolle sosialemedia-kommunikasie is deesdae in kleiner netwerke geleë waar daar 'n doelgerigte rede is om te reis. Die gebruikers kies self hulle groepe en belangstellings – dit word deur die geleerdes digitale stamgebondenheid genoem. Dus, die gebruikers hou daarvan om aan verskillende groepe of belangstellings te behoort en in eenvoudiger omgewings – bekend as mobiele digitale dorpies - te verkeer. Netwerke, groot of klein, is hier om te bly, en mobiele internet is in hierdie opsig besig om al hoe meer veld te wen. Net in Afrika alleen sal daar binne 4 jaar 700 miljoen slimfone wees," sê Roelofse.

11 Daar heers tans 'n oorweldigende neiging om na mobiele internet oor te skakel en sosialemedia-netwerke word as die hoofrede vir hierdie migrasie aangevoer. Sosialemedia-toeps dra tot 86% van alle internetsoektogte by, terwyl ander soekenjins slegs 14% van alle internetsoektogte uitmaak. Die tyd wat die gebruikers op hul fone bestee, is nou langer as die tyd wat hulle TV kyk (volgens InMobi). Internet-TV is ook besig om tradisionele televisie se plek in te neem. Dit is glo júís die rede waarom *toeter* ontstaan het.

12 "Ek het drie jaar gelede besef daar is geen sosialemedia-platform eie aan Suid-Afrika nie, en beslis nie een vir Afrikaans nie," het Roelofse bygevoeg. "Ek het besluit om met Afrikaans te begin, dan kan ons lekker sonder grense gesels. Ek het indiepte navorsing oor *toeter* gedoen om te bewys dat Afrikaanse mense baie hiervan sou hou – *toeter* gaan ons stoutste verwagtinge oortref."

[Verwerk uit: *Maroela Media,* 20 November 2014 en Netwerk24 1 Mei 2014]

1.1 Herlees die subtitel en haal EEN woord uit die titel aan wat met "Nuwe" in die subtitel verband hou. (1)

1.2 Som die rede vir *toeter* se ontstaan in EEN kort sin op deur paragraaf 1 se inhoud in gedagte te hou. Gebruik jou EIE woorde. (1)

1.3 Haal die frase in die tweede sin van paragraaf 1 aan wat verband hou met "vuur spoeg" in die eerste sin van dieselfde paragraaf. (1)

1.4 In watter opsigte is *toeter* beter as sy Engelse eweknieë? (2)

1.5 In paragraaf 2 maak Frans Roelofse bepaalde aannames rakende *toeter*.

1.5.1 Skryf enige TWEE van hierdie aannames in volsinne neer. (2)

1.5.2 Verduidelik waarom 'n leser na aanleiding van hierdie aanname Roelofse moontlik van vooroordeel kan beskuldig. (1)

1.6 Evalueer die gepastheid al dan nie van die magneetbenamings op *toeter* vir nuusgebeure en die handelswinkel. (2)

1.7 Magneetbenamings op *toeter* hou unieke voordele vir die gebruiker daarvan in.

1.7.1 Maak 'n lys van enige DRIE voordele. (3)

1.7.2 Waaruit kan 'n leser aflei dat die vooruitsigte vir heelwat nuwe magnete nie 'n feit is nie? (1)

1.8 Sou jy die benaming "blinkster" as gepas beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Waarom sal die nuwe toeter-toepassing vir die slimfoon gebruikers voordelig wees? (2)

1.10 Noem die verskille tussen die groter sosiale netwerke soos *Facebook* of *Twitter* en die kleiner netwerk, *toeter,* deur te verwys na kommunikasie en digitale stamgebondenheid. (4)

1.11 Hoe sou die weglating van die woord "oorweldigende" in die eerste reël van paragraaf 11 die leser se siening oor die *toeter*-toepassing se beweerde sukses beïnvloed? (1)

1.12 Haal 'n FRASE aan om te bewys dat Roelofse se besluit om *toeter* te skep nie ondeurdag was nie. (1)

1.13 Verduidelik wat Roelofse se doel was met die skep van hierdie sosiale netwerk. (2)

**EN**

**TEKS 2: ADVERTENSIE**



***toeter***

My saampraatkas
My reistas
My snelweg

# Kom toet saam!

## Het jy gehoor?

*Toeter* is die wêreld se eerste Afrikaanse sosialemedia-platform – veelsydig, vry en sonder grense. *Toeter* is waar jy als eerste hoor en jou stempel op die wêreld kan afdruk. Dis jou stuiwer in die armbeurs en jou oomblik in die kollig.

toeter

**In samewerking met**

kykNET

## Waarvoor wag jy?

Besoek www.toeter.com om agter die kap van die byl te kom of loer gou hier:




Vir meer inligting, kontak Frans Roelofse by frans@toeter.com of Engela du Toit by engela@toeter.com

1.14 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit Teks 2 aan wat by die ONDERSTREEPTE idioom in paragraaf 1 van Teks 1 aansluit. (1)

1.15 Hoe dra die insluiting van die visuele beeld van 'n *toeter* by tot die sukses van hierdie advertensie? (1)

1.16 Die funksie van die retoriese vrae in Teks 2 is ...

A manipulerend van aard.
B stereotiperend van aard.
C argumenterend van aard.
D diskriminerend van aard. (1)

1.17 In die woordeboek word die volgende inligting oor 'n **toeter** gegee:

> **Toe'ter** I s.nw. (-s) Toestel om geluid te maak, o.a. dié van 'n motor: ek het die toeter gedruk om die voetganger te waarsku. II ww. (getoeter) 'n toeter druk; toet: Die motor toeter aanhoudend.
>
> [Uit: HAT, 2011, bl. 1155]

Verduidelik na aanleiding van die woordeboekuittreksel waarom die benaming van dié mediaplatform gepas is. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

1. Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE maniere om met skoolstres klaar te speel**.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde in 'n paragraaf aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

# 'n WENRESEP TEEN SKOOLSTRES!

Deur Angelique Biagioni

Of jy nou besig is om vir die eksamen te leer, bibber oor 'n toets of aan 'n tameletjie van 'n skooltaak moet werk, ons het die regte resep om jou te help!

Dit kan maklik wees om moeilike take aan te pak. Jy moet net in gedagte hou dat 'n positiewe houding sal help om negatiewe gedagtes te stop indien dit in positiewe gedagtes verander word. Haal diep asem en sê: "Ek gaan dit regkry!"

Moet net nie so erg stres dat jy omkap nie! Onthou egter dat 'n bietjie stres nodig is om jou adrenalien te laat inskop sodat jy kan besef dat jy vroegtydig moet begin leer of aan die taak werk.

'n Kalender is belangrik, want dit help jou om te beplan watter vakke jy op watter dae gaan swot. Plak 'n groot kalender op jou muur en gebruik helder penne om dit in te vul!

Maak seker dat jy presies weet wanneer jy watter vak skryf sodat jy al die werk het waaroor jy gaan skryf en sorg dat jy betyds alle agterstallige werk onmiddellik onder die knie kry. Jy moet probeer om by jou studierooster te hou, al gebeur daar soms onvoorsiene sake wat jou dwing om jou planne 'n bietjie aan te pas.

Soms het 'n mens net iemand se ondersteuning nodig. As jy met iets sukkel, praat met jou ouers oor ekstra studiehulp, of met iemand wat jou kan leer hoe om te studeer - daar is mense wat dit doen.

Ontbyt is uiters belangrik om jou te help om beter te konsentreer! Vermy gaskoeldrank en te veel lekkergoed, want suiker veroorsaak dat jou brein sukkel om te fokus. Probeer om gesonder te eet wanneer jy besig is om te swot. Maak seker dat jy baie water drink - dit laat jou vars voel en hou jou lyf gehidreer.

As jou kop begin suf raak, gaan draf om die blok, of doen 'n bietjie oefening wat jou weer sal laat wakker voel.

[Verwerk uit: www.hoezit.co.za, 7 November 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




Maak nie saak hoe goed jy jouself in jou moedertaal kan uitdruk nie, dit kan maklik 'n tameletjie raak om iets in 'n ander taal te verduidelik as jy nie die regte woorde ken nie. Jip, die taalgrens is 'n taai spul! Dit hou taalkenners gedurig aan die raai.

**Gelukkig maak die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale vir dit voorsiening dat jy binnegou in enige staats- of semi-staatsinstelling in die taal van jou keuse bedien moet word.**

## Haal die taai uit taal.

**PRAAT DIE TAAL VAN JOU KEUSE.**

*Dis 'n gebraaide en gedraaide vetkoekerige stroopbedrupte happie.

ATKV

3.1 Lewer kommentaar oor die noodsaaklikheid van die asterisk (*) by die opskrif. (1)

3.2 Wat is die betekenis van die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in reël 1 en 2? (1)

3.3 Skryf die infinitief neer wat in die eerste sin (reël 1–3) van die bostaande teks voorkom. (1)

3.4 In die advertensie word dit gestel dat die taalgrens 'n taai spul is. Word **taai** hier konnotatief of denotatief gebruik? (1)

3.5 Gebruik die voegwoord **omdat** en vorm 'n veelvoudige sin van die twee onderstreepte sinne in reël 3 en 4. (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord om die onderstaande stelling te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) van die antwoord neer.

Die gebruik van die woord **binnegou** (reël 6) in plaas van **binnekort** is 'n voorbeeld van ...

A analogie.
B toutologie.
C pleonasme.
D kontaminasie. (1)

3.7 Watter klankverskynsel kan by die uitspraak van die woorde **in die** (reël 6) voorkom? (1)

3.8 Skryf reël 8 in die ontkennende vorm. (1)

3.9 Is die visuele voorstelling in die advertensie funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)


3.10 Korrigeer die taalfout in die onderstaande sin. Skryf slegs die korrekte woord neer.

*Gelukkig maak die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale vir dit voorsiening.* (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: VISUELE TEKS

Lees en kyk na die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




[Verwerk uit: http://southafricancomicbooks.blogspot.com]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Skryf raampie 1 in die verlede tyd. | (1) |
| 4.2 | Hoe sluit Flo se lyftaal by haar woorde in raampie 2 aan? | (2) |
| 4.3 | Skryf Flo se woorde in raampie 3 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met: Flo sê ... | (1) |
| 4.4 | Voltooi die volgende vaste uitdrukking: | |
| | *Ek is nou siek en ... vir jou aantygings.* | (1) |
| 4.5 | Skryf 'n byvoeglike bysin uit die strokiesprent neer. | (1) |
| 4.6 | 'n Woord is in raampie 4 onderstreep. Benoem die woordsoort. | (1) |

4.7 In raampie 5 het Andy vir Flo gestereotipeer, daarom reageer sy heftig in raampie 6 daarop. Voltooi Andy se sin in raampie 5 deur woorde in te vul wat op stereotipering dui. (1)

4.8 Hoe probeer Andy in raampie 7 vir Flo manipuleer? (1)

4.9 Waarom is die komma in raampie 7 se spraakborrel noodsaaklik? (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 5: KOERANTBERIG

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**BAR ONE? NEE, WANT DIE KAKAO RAAK MINDER**

1 Hier is vanjaar se heel slegste nuus – dis as jy 'n soetand het.

2 Die wêreld eet al hoe meer sjokolade en die hoeveelheid kakao wat vervaardig word, kan net nie byhou nie.

3 Dit gaan ook duur word om jou verslawing te stil.

4 Die (Switserland) lekkergoedvervaardiger Barry Callebaut het gister dié aankondiging gedoen. *Mars Inc* het reeds vroeër sy kwelling oor die kwynende kakaoproduksie uitgespreek.

5 Barry Callebaut voorspel 'n "potensiële kakaotekort teen 2020" – dieselfde as wat Mars gesê het.

6 Callebaut het 1,7 miljoen t sjokolade – dis is 11,8% meer as in die vorige jaar - in 2013 - '14 verkoop.

7 Die maatskappy verwag dat dié groeitendens gaan voortduur.

8 Intussen produseer kakaoboere al minder, het die *Washington Post* berig. Kakao se prys het die hoogte ingeskiet en het binne 'n jaar met 'n kwart gestyg.

9 Teen die einde van 2007 het die pryse skaars bo £1 300 gekuier.

10 Volgens Bloomberg is die prysstyging te danke aan siektes en droogte.

11 "Dit is ook aangevuur deur vrese wat aan die Ebola-uitbreking in Wes-Afrika verwant is, El Niño-voorspellings en spekulante," het Barry Callebaut gesê.

[Verwerk uit: *Beeld*, 14 November 2014]

Kopiereg voorbehou 

5.1 Verbeter die spelfout in paragraaf 1 deur die woord korrek oor te skryf. (1)

5.2 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.3 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 4. (1)

5.4 Skryf 'n voorbeeld van 'n teenwoordige deelwoord uit paragraaf 4 neer. (1)

5.5 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 oor in die lydende vorm. (1)

5.6 Skryf 'n antoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 5 neer. (1)

5.7 Verduidelik die gebruik van die twee aandagstrepe in paragraaf 6. (1)

5.8 Skryf die afkorting in paragraaf 6 volledig uit. (1)

5.9 Die onderstreepte woord in paragraaf 10 is foutief gebruik. Vervang dit met die korrekte woord. (1)

5.10 Wat is die funksie van die koppelteken in Ebola-uitbreking (paragraaf 11)? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou